

**Saterdag 16 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:31-35, 69-75**

**Fokusgedeelte: Matteus 26:31-35, 69-75**

### **Veg ... vlug ... vou**

**H**oe vinnig word die bravade van 'n mens nie afgebreek nie! Die een oomblik is almal nog vuur en vlam: Ek sal dit doen, ek kan dit doen, of soos Petrus: Ek sal U nooit verrai nie! Die volgende oomblik word die hele mat onder jou uitgeruk. Jou hele lewe word platgeslaan.

Wanneer hierdie tipe keuses voor mens gebring word, is daar gewoonlik drie maniere om te reageer: veg, vlug of vou. Petrus veg eers, hy kap Malchus se oor af. Wanneer hy nie meer kan veg nie, vlug hy. Hy gaan kruip weg, maar besluit om later om tog te gaan hoor wat met Jesus gebeur het. Wanneer hy gekonfronteer word, verloën hy sy Here. Al wat vir hom oorbly, is om te vou. Om bitterlik te begin huil en platgeslaan die wêreld in te gaan.

Die wonderlike van die evangelie is dat Jesus opgestaan het, en daarmee almal saam met Hom, in Hom, opgehef het. Petrus word aangestel as die leier, as die een wat kragtig preek met die uitstorting van die Heilige Gees. Die mens se eerste impuls, die veg-vlug-vou idee, word verander in iets wonderliks.

Ons kan veg vir die waarheid, veg vir die regte dinge, veg teen ons sondige natuur. Ons kan vlug, weg van dit wat verkeerd is, vlug in die oop arms van ons Verlosser en Saligmaker in. Dan, natuurlik, kan en moet ons ook vou, ons hele wese invou in die wonder van ons verlossing in. Ons hoef nooit meer op aardse maniere enige moeilike tye of beproewing in die gesig te staar nie, want die Heilige Gees wat kragtig in ons werk, wys ons ook hoe 'n gelowige kan veg, vlug of vou.

*Sing: Psalm 38-1:1, 13*

*Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)*